

## VOORGESTELDE AKTIWITEITE VIR INTERNASIONALE SKOOLBIBLIOTEKMAAND

### OKTOBER 2017

Die tema vir die maand is

#### **“Verbind Gemeenskappe en Kulture”**

- Erken uitnemendheid deur hierdie dag te gebruik om erkenning te gee aan ander mense wat tot die skoolbiblioteekprogram bydra, bv. die biblioteekmonitors, onderwysers, onderwysers in beheer van biblioteke, ouers en personeel by die plaaslike openbare biblioteek.
- Skakel met 'n skoolbiblioteek in 'n ander land om boodskappe uit te ruil of onderneem om saam aan 'n aktiwiteit deel te neem, miskien met behulp van e-pos of die Internet. Gebruik *IASL Online* en *Education World* om kontak te maak (sien webwerwe hieronder).
- Soek saam met u leerders op *IASL Online* en die Internet vir inligting oor skoolbiblioteke in ander lande. Gebruik die bevindinge as die grondslag vir 'n bespreking oor die maniere waarop skoolbiblioteke oor die wêreld heen verskil. Probeer om toegang tot ander skoolbiblioteke se webwerwe te verkry en stel een vir u skoolbiblioteek saam.
- Reël 'n opedag by u skoolbiblioteek en nooi ouers en ander lede van die plaaslike gemeenskap om dit by te woon. Laat die leerders die aanlyn katalogus en rekenaargebaseerde dienste demonstreef of nuwe boeke of ander hulpbronne wys.
- Plaas uitstallings met die tema van die Internasionale Skoolbiblioteekmaand in die voorportaal van die skool of in 'n ander geskikte plek, nie net by die skoolbiblioteek nie, en betrek die leerders by hierdie aktiwiteit.
- Besoek die **Bookmark Exchange Project** se webwerf en neem deel (sien webwerwe hieronder).
- Stel uitstallings op (boeke, video's, DVD's, CD's, klankkassette en/of CD-ROM's met 'n tema vir Biblioteekweek, nie net by die skoolbiblioteek nie, maar in die skool se ingang of iewers buite. Betrek leerders.
- Reik uit. Nooi 'n plaaslike beroemde persoon, politikus of 'n joernalis om 'n deel van die dag by die skoolbiblioteek deur te bring en laat die leerders toe om hom/haar te wys wat hulle deur die skoolbiblioteek behaal het. Die leerders kan ook oor die behoeftes van die biblioteek gesels.
- Kom ons vier! Span saam met ander plaaslike skoolbibliotekaris, professionele bibliotekaris en mense wat skoolbiblioteke ondersteun, om die dag te vier. Nooi u prinsipaal en kringbestuurder of vakadviseur. Voorsien hulle van aandenkings van skoolbiblioteke, bv. muismatjies, boekmerke, ballonne en plakkette.

Saamgestel deur EDULIS (WKOD se Onderwysbiblioteek en Inligtingsdienste) vanaf *IASL* en *Education World* se webwerwe:

<http://www.iasl-online.org/advocacy/islm/index.html>

<http://www.iasl-online.org/Bookmark-Exchange-2017>

<http://www.iasl-online.org/What-People-Are-Doing-2017>

<http://www.educationworld.com/search-ew?title=school+library+&=Apply>

